

sy pakgoed agterbly. 29 Hulle trek oor die nek. Laat Ghevah ons nagverblyf wees! Ramah bewe, Ghieváh van Shaúl vlug. 30 Skreeu dit uit, dogter van Ghalliem! Luister, Layiesh! Arme Anatot! 31 Madmena vlug, die inwoners van Ghevium soek skuiling! 32 Nog vandag staan hy in Nov, hy swaai sy hand teen die berg van die dogter van TSION¹, teen die heuwel van Yerushalayiëm! 33 Maar kyk, die Meester Yahweh van die leërskaare slaan met skrikwekkende geweld die takke af, en die hoog uitgegroeides word omgekap en die verhevenes neergegooi; 34 en Hy sal die digte takke van die bos met die yster omkap, en die Livanon sal val deur die Voortreflike.

YeshaYahu / Jesaja 11:1 Maar daar sal 'n takkie¹ uitspruit uit die stomp van Yieshai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; 2 en op Hom sal die Gees van Yahweh rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van Yahweh. 3 En Hy het 'n behae in die vrees van Yahweh; en Hy sal nie regsprek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; 4 maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die slaanok van sy mond en met die asem van sy lippe die afvallige doodmaak. 5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. 6 Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. 7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; 8 en die suigeling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. 9 Hulle sal geen kwaad doen of kwaad aanrig op my hele afgesonderde berg nie;

want die aarde sal vol wees van die kennis van Yahweh soos die waters die seabodem oordek. 10 En in daardie dag sal die nasies vra na die wortel van Yieshai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal voortreflik wees. 11 En in daardie dag sal Yahweh weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Ashur en Mietsrayiëm en Patros en Kush en Elam en Shienár en Gamat en uit die kuslande van die see; 12 en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Yiesraël wat verdryf is, en versamel die dogters van Yehudah wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde. 13 Dan sal die jaloesie van Efrayiëm verdwyn, en die teëstanders van Yehudah sal uitgeroei word; Efrayiëm sal Yehudah nie beny nie, en Yehudah sal Efrayiëm nie benoud maak nie. 14 Maar hulle sal die Pelieshtyne op die skouer vlieg teen die weste en saam die kinders van die Ooste plunder; Edom en Moáv is die buit van hulle hand, en die kinders van Ammon is hulle onderdanig. 15 En Yahweh sal die seetong van Mietsrayiëm met die banvloek tref en deur sy gloeiende wind sy hand oor die Perat swaai en dit uitmekaar slaan in sewe strome, sodat 'n mens met skoene daardeur kan loop. 16 En daar sal 'n grootpad wees vir die oorblyfsel van sy volk wat oorbly uit Ashur, soos daar een gewees het vir Yiesraël op die dag toe hulle uit Mietsrayiëm opgetrek het.

YeshaYahu / Jesaja 12:1 En in daardie dag sal jy sê: Ek dank U, Yahweh, dat U toornig op my gewees het; u toorn is afgewend, en U het my vertrous. 2 Ja, El is my verlossing, ek sal vertrou en nie vrees nie; want Yah Yahweh is my krag en my psalm, en Hy het my tot verlossing geword. 3 En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van verlossing. 4 En julle sal in daardie dag sê: Dank Yahweh, roep sy Naam aan, maak sy dade onder die volke bekend, verkondig dat sy Naam hoog is! 5 Psalm sing tot eer van Yahweh, want Hy het voortreflike dinge gedoen; laat dit bekend wees op die hele aarde. 6 Juig en jubel, o inwoners van TSION! Want die Afgesonderde van Yiesraël is groot in julle midde.

¹ 10:32 Oftewel: Yerushalayiëm en hulle wat aan dié stad verbind word.

1 11:1 Die Hebreuse woord "netser" (takkie) hou verband met die werkwoord "om te bewaar" of "om weg te steek" en dit is heel waarskynlik van hierdie woord dat die dorp, "Natsaret", en die benaming vir die Messias en sy volgelinge, "Natsarener", afgelei is.